

9 Desember

**Skrifgedeelte: Johannes 3:1-17**  
**Fokusgedeelte: NGB, Art 34**

### **Die doop – net een doop nodig**

Dis baie belangrik dat gelowiges duidelik sal onderskei tussen die doop as bekeringsteken en die doop as verbondsteken.

Die doop as bekeringsteken is die doop wat Johannes die Doper bedien het. Israeliete het, deur hulle só te laat doop, hulle oortreding en afdwaling bely en hulle opnuut verbind aan 'n lewe volgens die wet van Moses. Hierdie BEKERINGSDOOP is iets wat mense doen as 'n teken vir God. Deur Hom met die bekeringsdoop te laat doop, wys Jesus met 'n teken vir die Vader dat Hy sy taak om vir sondes te sterf, aanvaar. God antwoord uit die hemel deur Jesus met die Heilige Gees toe te rus en sy liefde en blydskap oor Jesus te betuig (vers 16-17).

Juis omdat Jesus Christus die taak om vir sondes te sterf, op Hom geneem en voltooi het, eis God nou die VERBONDSDOOP (Matt 28:19), nie as 'n teken wat mense vir God doen nie, maar as 'n teken wat God vir die mens doen. Die verbondsdooop is 'n teken wat God vir jou gee dat Hy op grond van Jesus se offer 'n baie spesiale verhouding (verbond) met jou het. Hierdie verhouding bestaan daarin dat Hy vir jou 'n Vader is en jy sy kind is.

Die doop as bekeringsteken kan seker baie keer herhaal word. Mense is immers feilbaar, ook in hulle toewyding aan God. Die doop as verbondsteken hoef egter nooit herhaal te word nie. God is nie feilbaar nie. In sy toewyding aan jou het Hy nog nooit verslap nie. Hy het nog nooit opgehou om vir jou 'n Vader te wees nie. Sy sorg sal jou ook vandag omring. Jy is immers gedoopt!

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*